

17 Augustus

Lees: Hebreërs 13:7-19

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:8

Christus is die Hoeksteen van die onveranderlike fondament

Ook in ons godsdiens gaan die geskiedenis voort. Ons kom te staan voor besluite: Wat om van verskynsels te dink, moet ek nie miskien die nuwe aanbiddingsidee aangryp nie? Vandag se godsdiens in watter verskyningsvorm ook al kan net reg verstaan en geëvalueer word as ons dit in die perspektief van God se geskiedenis oorskou.

In die *Levitiese tyd* het die hoëpriester diere geslag en die bloed in die tabernakel geoffer as versoening vir die volk se sondes in die diens aan die ware God. Maar die diere is buite die laer verbrand en nie geëet nie. En in die *volheid van die tyd* vir God se openbaringsgeskiedenis het die Seun as Jesus mens geword – as Persoon en in sy proklamasie van die koninkryk van die hemel was Hy 'n aanstoot vir dié wat nie meer vir God Self in die Levitiese diens kon raaksien nie, net hulle eie waardigheid in die nakoming van die letter van daardie diens.

So 'n groot aanstoot was Jesus dat Hy Homself buite die stad laat offer het. Hulle het dit as 'n suiwering beskou – ontslae geraak van so 'n lasteraar.

Maar ons voorgangers, die apostels, het die fondament kom lê van 'n *nuwe bedeling* in God se geskiedenis: Hierdie offer van Jesus het die voorafgaande geskiedenis vervul. Dit begin vir ons 'n diens waar die offer wat ons moet bring, ons lewe is, ons lof aan God. Wie aan die ou geskiedenis wil vashou as die kultiese voorwaarde vir verlossing, het nie die reg om deel te hê aan hierdie reiniging wat nuut en onherhaalbaar is nie.

Daar is vernuwing en voortgang. Maar daar is ook 'n onveranderlike fondament deur die apostels gelê. Christus is daarvan die Hoeksteen. Laat ons in oorleg met en met respek aan ons voorgangers, ons ouderlinge, goed oorweeg hoe ons Christus moet volg. Die waardigheid wat God aan ons gee om die heerlikheid te betree, word daardeur bepaal. Só alleen is ons geanker. Nuwe voorwaardes laat die fondament verbrokkel.

Sing: Psalm 118:1, 11 (1936); Psalm 118:5, 6 (2001)

Ds J Malan (Oudtshoorn)